Oordenking
3 Augustus 2009

God belê in ons lewens

Knysna en die tuinroete is internasionale toeriste bestemmings. Groot en klein ondernemings vertrou meestal op toerisme vir ekonomiese oorlewing.

Hier is die ekonomiese insinking meer sigbaar as by die huis in Centurion. Toe ons in die verlede hierheen gekom het, het jy meer ander tale by toeriste bestemmings gehoor as wat jy Engels, Afrikaans en Xhosa gehoor het. Duitssprekendes is baie lief vir hierdie omgewing en verskaffers fokus op die Duitssprekende mark.

Maar, wat het van die toeriste geword? Hulle bly tuis as gevolg van die ekonomiese probleme in Europa. .
Wat baie hartseer is, is die feit dat die klein, plaaslike entrepreneur dit selfs moeiliker vind om te oorleef as die groter sakeondernemings. Korporatiewe sake hou uit, hou asem op en wag vir die mark om te herstel. Die klein onderneming kan dalk nie so lank kan wag nie. Hy besnoei in elke opsig, ook op bemarking en die koste van verkope. Die gevolg is dat die paar toeriste wat wel hierheen kom van die groot sakeondernemings se dienste gebruik maak en dat die kleiner onderneming besig is om ook die bietjie wat hulle wel gehad het, ook aan die groot manne af te staan.

Ek kan nie help om aan Jesus se woorde te dink, toe hy finansiële investering as voorbeeld gebruik het om in ‘n gelykenis te leer dat ons die meeste moet maak van God se investering in ons lewens nie. In die gelykenis van die 10 diensknegte wat elkeen ‘n waardevolle munt ontvang het om te belê, het een 10 munte by verdien en ‘n ander 5. Maar een man het sy waardevolle muntstuk in ‘n doek toegedraai en dit begrawe. Sy heer se belegging het in sy geval geen rente opgelewer nie.
Oor hierdie man sê Jesus: (Luke 19: 26) *Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.*

Die dienaar is gestraf, want hy het niks gedoen met die skat wat aan hom gegee is nie.
Hy verteenwoordig mense wat die Evangelie boodskap en God se seëninge ontvang het, maar dit het dié mens nie in die minste verander nie.
So iemand het nie God se belegging in hulle lewe met ander gedeel nie en dit nie gebruik om die Koninkryk van God te dien nie. Hulle aandeel aan die Koninkryk bly altyd kwesbaar, in die sand begrawe en sonder dividende. Hulle moenie ‘n goeie woord van die Meester verwag as Hy weer kom nie. Vir diegene wat vir Christus geen rente op sy belegging in hulle lewens verkry het nie, is die oordeelsdag ‘n vreeslike vooruitsig.

Maar elkeen wat woeker met wat God in sy lewe gedoen het, ontvang selfs die kapitaal van die een wat niks gedoen het nie – hy ontvang ook hulle ewige heerlikheid. Hulle wat saam met die Groot Entrepreneur van die Koninkryk van God werk, wat hulle geskenk van redding, geestelike gawes, lidmaatskap van sy kerk, Bybelkennis, toegang tot die troon van God en die vermoë om te gee gebruik het om die Saak van Christus te bevorder, sal sekerlik die Meester hoor sê: Goeie en getroue dienskneg! Dié mens het hom of haar laat verander deur Gods genadewerking in hulle lewe en Hy het hulle godvrugtige entrepreneurs gemaak.

Christus het sy lewe, sy dood, sy krag en sy Gees in jou belê.
Watter rente het Hy ontvang deur jou lewe, jou diens en jou getuienis?

Wees geseënd wanneer jy deur die goedheid en genade van God verander word in iemand wat woeker met elke geleentheid vir die saak van Christus op aarde. Wanneer die laaste dag aanbreek, sal jy bly staan om die ewige heerlikheid van Christus te ontvang!